

6 Mei

Lukas 7:11-17

Twee stoete

Twee stoete ontmoet mekaar reg van voor. Die een stoet het die dood in sy midde - 'n jong man, die enigste seun van 'n weduwee lê op 'n doodsdraagbaar. Die ander stoet het die Vors van die Lewe in sy midde - Jesus Christus wat gevolg word deur sy apostels en 'n skare nuuskieriges.

Lukas vestig die aandag daarop dat toe die begrafnisstoet die stadspoort van Naïn uitgaan, net toe gaan die ander stoet die stadspoort binne. So kruis die pad van die Lewensvors die pad van die dood reg van voor. Dit is 'n kop aan kop ontmoeting. Vanuit teenoorgestelde rigtings kom die lewe en die dood op mekaar af.

Gewoonlik staan die lewe opsy wanneer 'n lykstoet verbygaan. Met ander woorde die dood bring die lewe tot stilstand. Maar hierdie keer is dit anders. Jesus, die Vors van die Lewe, tree na vore en bring die optog van die dood tot stilstand. Jesus stuit die dood en beveel lewe. Met sy almagswoord dring Hy in tot in die doderyk en roep die gestorwene tot lewe.

God regeer ook oor die ergste vorm van lyding - die dood. Dit is dan die krag van die evangelie dat die lang stoet van ellende en smart en dood wat deur hierdie lewe gaan, deur die Here Jesus daarvan verlos word. Hierdie verlossing het die Here Jesus vir ons verwerf deurdat Hyself ook eenmaal in 'n stoet was. Hy het ons grafpad sy pad gemaak sodat die doodsakker die lewensakker kan wees vir elkeen wat in Hom lewe en sterwe.

Sing Psalm 16:5

Dr. P.W. Bingle (Kaapstad)